e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

24 Maart 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 8

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Dissipline

Die wêreld het die afgelope twee weke verstom toegekyk hoe die natuur verwoesting in Japan aanrig. Eers 'n vernietigende aardbewing wat die aarde geskeur en dorpe laat verdwyn het. Daarna 'n getygolf wat chaos en dood gesaai het. Mense het alle materiële besittings oombliklik verloor. Infrastruktuur is uitgewis. Veral die menslike tragedies het 'n mens aan die hart gegryp. 'n Ma wat vertel hoe sy en haar twee kinders op straat geloop het en hoe die vloedgolf die volgende oomblik haar twee kinders meegesleur het. Hulle is tot nou toe weg – vermink en dood. Boonop is daar 'n voortslepende kernramp met dreigende kernaktiewe bestraling wat dodelike kankers tot gevolg kan hê.

Terwyl die wêreld in afgryse staar na die natuur se verwoesting, reageer die Japannese anders as baie ander mense en samelewings. Hulle laat hul koppe sak en hulle werk. Hulle is geskok, maar hulle ruim op. Baie is sonder huisvesting, maar hulle ruim woonbuurte op. Talle treur oor dooies, maar dit verlam hulle nie. Hulle beur voort. Mense wat niks oorhet nie, wag in lang toue vir kos. Hulle raak nie ongeduldig nie. Hulle plunder en roof nie. Selfs dié met honger kinders. Wanneer die kos opraak, draai hulle om en soek elders uitkoms. Daar is dissipline. Al stem hulle nie volmondig saam met die owerhede se opruimingsplanne of die hantering van die kernkrisis nie.

Dissipline is die grondslag vir 'n suksesvolle lewe en samelewing. Ons kan oor dissipline baie leer by die Japannese. Minstens in Afrika en die suide van die VSA reageer mense anders op natuurkatastrofes. Hulle vaar in ongeduld die strate in, plunder, roof, pleeg moord. Hulle misbruik die chaos om wetteloos te raak. Al wat saak maak, is om hulself te handhaaf en hul eie belange te dien. Daar is min van die grondslag dat jy self dissipline handhaaf, ongeag die chaos en wetteloosheid rondom jou.

Laasgenoemde gesindheid téénoor dié van die Japannese illustreer nogal iets van die huidige postmoderne tydgees wat wêreldwyd besig is om die mensdom in 'n wurggreep beet te kry. Mense is wars van enige vorm van gesag en respek vir ander. Almal doen net wat hulle wil. As hulle nie saamstem met die wette of die orde nie, bedink hulle enige moontlike rede om hulle nie daaraan te onderwerp nie. Ongedissiplineerdheid en wetteloosheid is die gevolg, en dit is vernietigend vir menselewens en samelewings.

Ongelukkig geld dit selfs die kerk. Die Hervormde Kerk is gebou op die hoeksteen van Jesus Christus. Ons kerkregeringstelsel se fondament rus daarop dat Christus Hoof van die Kerk is. Oor baie jare het die Kerk in geloof gebuig voor die beginsel dat Christus sy kerk regeer deur sy Woord en Gees. Vergaderings, ampsdraers en lidmate het hulle oor die jare onderwerp aan besluite van die vergaderings omdat dit in lyn was met beginsels van orde en dissipline wat in die kerk moet wees.

Die afgelope jare lyk dit al meer anders. Die gesag van vergaderings word bevraagteken en openlik uitgedaag. Besluite word geïgnoreer. Planne word bedink om die Kerkorde te omseil. En as lidmate steeds nie hul sin kry nie, word die Kerk gedreig met prokureurs en advokate en die hof. So word ook die Kerk tans meegesleur deur die postmodernistiese tydgees van warsheid teen gesag en 'n gebrek aan dissipline. Dit verlam die kerkregering van gemeentelike tot sinodale vlak. Die Kerk, vergaderings, ampsdraers en lidmate sal moet besin oor die rol wat dissipline in ons omgaan met die kerk en mekaar speel.

Dr Daan van Wyk (jr)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Pieter Rossouw

Ds Janine Bevolo-Manders

Prop Yolandé Benadé

Prop Petrus Dreyer

Beroep ontvang

- **Prop Pieter Rossouw** na Barberton
- **Ds Janine Bevolo-Manders** van Hartebeeshoek na Witfontein (deeltyds)
- **Prop Yolandé Benadé** na Westonaria (deelsorg)
- **Prop Petrus Dreyer** na Barberton

Beroep aanvaar

- **Prop Pieter Rossouw** na die Stella-kombinasie

Beroep bedank

- **Prop Pieter Rossouw** na Barberton

Vakante standplaas

- **Gemeente Harrismith** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 50 belydende lidmate, en bied 'n unieke uitdaging aan 'n bedienaar van die Woord om in 'n tipiese dorpsomgewing die Woord te verkondig. Daar sal van kandidate verwag word om, na die indiening van 'n CV (tesame met 'n kort beskrywing van hom- of haarself), moontlik met die kerkraad in gesprek te tree. Die kandidaat moet ook saam met sy of haar gade die gemeente op 'n Sondag besoek en die erediens lei. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n CV stuur na **tanya@centre-africa.com** of per gewone pos na Posbus 797, Harrismith 9880 **voor 10 April 2011**. Kontak oudl Cobus van der Laarse by 082 452 2953 vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Dit gaan effens beter met **ds Arnold Viljoen** in die hospitaal in Windhoek. Sy niere funksioneer weer en hy kommunikeer al goed met sy mense. Hy en sy gesin word steeds sterkte toegebid.

Ds Hennie la Grange

- **Ds Hennie la Grange** van die Christelike Seemansorganisasie (CSO) in Londen het maagkanker. Hy skryf soos volg:

  "Ek is op die oomblik glad nie siek nie! Dis dalk die vreemdste hiervan: dat ek geen simptome van siekte ondervind nie. Ek het geen angs nie, is nie in opstand nie, en ook nie juis vreeslik ontsteld nie. Ek wag geduldig, want ek weet dat as die behandeling eers begin, ek verseker kan wees van die beste moontlike sorg. Watter kant toe die saak ook al verloop, ek is tevrede. Ek is nugter, en sal doen wat ek moet om te veg.

  Vir San, my kinders, my ouers en my familie, is dit moeiliker. Ek het my hande vol met hulle! Maar dis net oor hulle omgee, en ek waardeer dit."

- **Ds André Strauss en sy vrou Lydia**, wat tans in Nieu-Seeland woon en werk, het op 23 Maart in Suid-Afrika aangekom nadat **Lydia se broer en sy seun** op slag in 'n motorongeluk dood is. 'n Neef wat saam in die motor was, is in 'n ernstige toestand. Die begrafnis vind op Vrydag 25 April in Bloemfontein plaas. Ons bid die familie troos en sterkte toe.

- **Ds Arno en Sarie Nieuwhof** van Witbank/Witbank-Noord het op 19 Maart in die huwelik getree. Dit was ook Sarie se verjaardag. Ons beste wense vergesel die egpaar.

Di Ronel en Eddie Eckard

- **Ds Eddie Eckard**, wat die beroep na Messina/Van Warmelo aanvaar het, word op 17 April in sy nuwe gemeentes ontvang en bevestig. Sy vrou, ds Ronel, moes losmaking van die standplaas Coligny vra.

- 'n Buitengewone professoraat is aan **prof Jimmie Loader** toegeken deur die Raad van die Universiteit van Pretoria op gesamentlike voorstel van die Fakulteite Geesteswetenskappe en Teologie. Hy sal om die beurt een jaar as gas van Geesteswetenskappe en die ander jaar as gas van Teologie voordragte hou. Dit behels ook dat 'n deel van die subsidiegelde wat sy publikasies genereer, fondse van die twee Fakulteite kan styf. Hierdie jaar is Antieke Tale en Unisa aan die beurt.

  Prof Loader en sy vrou, Rina, vertrek eersdaags Engeland toe om onder meer 'n vertoning van hul dogter Reina-Marie se jongste film by te woon. Prof Loader hou ook tydens die besoek samesprekings met teoloë aan die Universiteit van Exeter. Later gaan hy weer as gasprofessor na die Teologiese Fakulteit van die Universiteit in Debrecen, Hongarye. Hierdie Fakulteit het steeds die status van 'n outonome Calvinistiese teologiese universiteit ten spyte daarvan dat dit 'n fakulteit van die Universiteit van Debrecen is. Gebaseer op die erfenis van Calvyn se Hongaarse volgeling Károli Gáspár, het hulle hierdie status en tradisie dwarsdeur die Kommunistiese tyd bewaar.

Prof Jimmie Loader

  In Julie/Augustus sal prof Loader in Pretoria wees om sy seun Benjamin in die huwelik te bevestig.

Ds Jan-Harm Barkhuizen

- **Ds Jan-Harm Barkhuizen** is naas sy gemeentewerk baie bedrywig. Hy het onlangs die Unisa-diploma vir Graad 1 Teorie (Klavier) ontvang; hy het die 1ste Dan in Karate verwerf; hy is lid van die Weskus-kunsgilde wat elke drie maande skilderye uitstal – verlede jaar het hy 'n skildery van Jesus wat terugkyk na sy eie kruisiging vir R12 000 verkoop; hy doen ook binnenshuise versiering (hy skilder op binnemure); hy tree by sangfeeste op en verskyn op 2 DVD's wat van die geleenthede uitgegee is; hy het 'n solo-CD met 33 snitte gemaak. Verder skryf hy musiek en is tans besig om van die liedere voor te berei vir registrasie by FAMSA, asook voorlegging van ander liedere vir die Jeugliederebundel en die Liedboek van die Kerk. Ons wens hom voorspoed toe met al sy bedrywighede.

- **Die volgende predikante verjaar van 24 Maart tot 1 April**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 24 Maart: Ds Janine Bevolo-Manders (Hartebeeshoek)
  - Vrydag 25 Maart: Ds Barnie van der Walt (Bybelgenootskap)
  - Saterdag 26 Maart: Di Dirk Stoltz (emeritus) en Anton Swanepoel (emeritus)
  - Sondag 27 Maart: Ds Barry van Schalkwyk (Drie Riviere-Oos)
  - Maandag 28 Maart: Di Lorret de Leeuw (Port Elizabeth), Mariët Robbertze (Magaliesmoot) en Jaco van Sittert (Randburg)
  - Dinsdag 29 Maart: Di Jan-Harm Barkhuizen (Weskus), Petri van Rooyen (Joachim Prinsloo/Ruskoppies) en dr

Di Janine Bevolo-Manders
en Jimmy Manders

Frans Boshoff (Ermelo-Suid)

- Woensdag 30 Maart: Ds Thomas Dreyer (Durban)

- **Gemeente Witfontein** het ds Jimmy Manders se vrou, ds Janine Bevolo-Manders, predikant van Hartebeeshoek, na sy nuutgeskepte deeltydse standplaas beroep. Dit kan dus nog een van die gemeentes in die Kerk word waar 'n egpaar saam as predikante in dieselfde gemeente werk.

- Na 'n lang vakantskap het **Gemeente Westonaria** prop Yolandé Benadé beroep na hul deelsorgstandplaas. Ds Hennie Retief, wat binne die gemeentegrense woon, het gehelp om die gemeente te bearbei.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 10 April om 11:00: Gemeente Potchefstroom-Suid**
  Ds Geo Smit se silwer ampsjubileum
  Bevestig bywoning **voor 27 Maart** by Yolande van der Walt
  018 294 6871 of **nhkps@mailbox.co.za**

- **Sondag 17 April: Gemeente Morgenzon**
  Viering van 75ste verjaardag na erediens
  Kontak skriba Neels Scholtz by 017 933 3067, 017 793 3068
  of **scholtzn@mweb.co.za**

- **Vrydag 15 tot Sondag 17 April: Gemeente Volksrust: 150ste verjaardag**
  Vrydag: Feesbasaar
  Saterdag: Voorbereidingsdiens en formele ete
  Sondag: Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en vingerete
  Kontak ds Paul Buitendag by 082 853 8900 of **buitendagp@telkomsa.net**

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Drie Riviere: 50ste verjaardag**
  Vrydag: Kuier rondom woonwaens en tente
  Saterdag: Basaar
  Sondag: Nagmaal
  Kontak ds John Putter by **jdputter@vodamail.co.za** of 016 423 3413
  of mev Santie Rossouw by **nhk3riviere@mwebbiz.co.za** of 016 423 5405

Toere

- **18 April tot 2 Mei: Egipte en Turkye**
  Onder leiding van **ds Martin Slabbert**
  Besoek **www.indievoetspore.co.za** of kontak ds Slabbert by 082 655 4787

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Luister na Juanita du Plessis in die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Saterdag 16 April 10:00 tot 13:00: Gemeente Theresapark**
  Country Familiedag met Pieter Cloete en die Rodeo-lyndansers
  Te Vivaldi, Sylviastraat 78, Heatherdale
  Volwassenes R50 en kinders R20 (sluit pap, wors en sous in)
  Bring eie eetgerei en drinkgoed
  Kontak Mariana van Zyl by 012 542 3568 of **nhtheresapark@absamail.co.za**

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Laer Suidkus: Vrydag 1 April om 18:30: Garnaalfees**
  By kerkgebou te Scottstraat 3, Port Shepstone
  Geniet die gasvryheid van die tropiese Hibiskus-kus
  Buffet met groot *Tigers*, voor- en nagereg, wynkelder
  Beesvleis vir dié allergies vir skulpvis
  R140 per volwassene en R70 vir kinders onder 12
  Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**
  vir kaartjies en/of verblyf

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Philadelphia: Resepteboek: *Philadelphia-Feestafel***
  R150 per eksemplaar
  56 bydraers se 415 uithalerresepte
  Ook afdeling oor Bybelse etes en feeste

Bestel van Louise Geyser by **louise.geyser@absamail.co.za**, 012 361 0579 of 082 560 4279
of van Rue Hopley by **gemeentebestuurder@nhk.co.za** of 012 362 7237

- **Gemeente Tzaneen: Jagkompetisie**
  R100 per kaartjie, **trekking** van wenkaartjies **5 Mei**
  1ste prys: 1 eland, 2 rooibokke, 2 nagte akkommodasie vir 2 jagters en 2 nie-jagters by Tranquil Nest tussen Alldays en Pontdrift
  2de prys: 1 koedoe, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom, Mooketsi, Limpopo vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  3de prys: 1 blouwildebees, 2 rooibokke, 'n vlakvark, 2 nagte by Plaas Keerom vir 6 persone waarvan 2 jagters is
  Troosprys: 2 broodbome
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514
  of Emmarentia by 015 307 4508

Basaars en markte

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Direkteur: Kontekstuele Bediening** by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Die **sluitingsdatum is 31 Maart 2011**. Kontak prof Malan Nel by 012 420 4951 vir meer inligting. Volledige besonderhede verskyn ook as aanhangsel by die *e-Hervormer* van 24 Februarie en 3 Maart. Gaan na **www.hervormer.co.za** om toegang tot vorige uitgawes te kry.

- Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van **Redakteur** van die maandblad ***Die Christelike Vrou***, om diens te aanvaar op 1 September 2011. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

  - **Vereistes:** Lidmaat van die NH Kerk van Afrika; naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie; ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek; kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.

- **Vaardighede**: Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaargeletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in 'n span saam te werk; vermoë om 'n span te motiveer.

Aangesien *Die Christelike Vrou* deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

Hierdie is 'n deeltydse pos. Stuur CV **voor of op 31 Maart 2011** aan **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**, of faks na 086 693 7955, of kontak die NHSV-kantoor by 012 325 0117.

- Die evaluering van **voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April jaarliks**.

- Van tyd tot tyd word boeke gepubliseer waarvan die **outeurs Hervormde predikante of lidmate** is. Slegs enkelinge skenk eksemplare aan die **Biblioteek** van die Kerk, wat dan in die Dirk van der Hoffgebou ontsluit word. 'n Vriendelike versoek word gerig aan skrywers van boeke met 'n godsdienstige strekking om 'n eksemplaar van hul werk aan die Biblioteek te skenk. Vir meer inligting rondom skenkings of om te verneem of u boek al daar op die rak verskyn, kan u met die bibliotekaresse, mev Cecile Richter, in verbinding tree, by **biblioteek@nhk.co.za** of 012 322 8885 x203.

- In Suid-Afrika is ons bevoorreg om **Bybels in 10 van ons 11 amptelike landstale** te hê. Daar is egter een amptelike taal wat nog nie oor 'n volledige Bybel beskik nie, naamlik **Suid-Ndebele**. By 'n onlangse galadinee is kerse vir elke taal aangesteek en, treffend, slegs 'n halwe kers vir die Suid-Ndebele Bybel. Die Bybelgenootskap is reeds etlike jare met hierdie vertaling besig, en beplan om aan die einde van 2012 vir Suid-Ndebelesprekendes 'n eie Bybel te kan gee.

- Ons het die volgende **versoek** ontvang van **LD Veldman**:

Ek is Lukas Daniel Veldman, 'n 45-jarige blanke man wat in Welkom werk. Ek is gebore te Roodepoort op 1 November 1965. Op die ouderdom van 6 maande (ongeveer in Maart/April 1966) het ek beide my ouers, Michael Hendrik Veldman en mev (onbekend) Veldman, verloor in 'n motorongeluk in die omgewing van Roodepoort. Ek weet nie of ek en my broer in die voertuig was nie. Michael Hendrik Veldman (jr) is gebore op 23 Julie 1964, ook in die Roodepoort-omgewing.

Ek en my broer is toe in die Charlotte Theron-kinderhuis in Bethlehem geplaas. Ons het daar gebly tot in 1979. Daar het ek gehoor dat buiten my broer daar nog vyf ouer susters was.

Daar kom tye, soos Kersfees, verjaardae en Paastyd, wanneer ek wens dat ek familie ken en tyd by hulle kan deurbring. Dit is nie lekker om alleen deur die lewe te gaan nie. Kan iemand my dalk help om my familie op te spoor?

Kontak my asseblief by 083 781 0005, faks 086 536 0491 of 086 647 5562, of **chrisp@matjhabeng.co.za**.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 31 Maart plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Donderdag 24 Maart: Redaksie van *Die Hervormer*; Direksie van Monumenttehuise
  - Dinsdag 29 Maart: Koördineringskomitee

  Die Dagbestuursvergadering van die **direksie van die Kinderhuise** wat sou plaasvind op 6 April, is afgestel.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dankie vir die *e-Hervormer*, en dankie ook aan ds Stephen de Beer vir sy werk met die Bybelvasvra. Ek sien altyd uit om deel te neem. Dit is 'n manier om jou kennis van die Bybel op te skerp en die Bybel saam met medegelowiges te bestudeer. Die boekies wat SENTIK uitgee, leer ons baie. Ek het nie besef dat daar twee weergawes van die Ons Vader-gebed is nie. Selfs die geslagsregisters in Matteus en Lukas verskil. Ek geniet ook *Leer die Bybel speel-speel ken* van Henk Bierman en *Die Bergrede – oordenkings* deur ds AJ van Staden, uitgegee deur Kital."

Tjaart Harmse

"Die emeriti neem met dankbaarheid kennis dat daar verskeie gemeentes in die Kerk is wat hul dienste wil benut. In feitlik elke *e-Hervormer* word melding gemaak van die een of ander gemeente wat toestemming ontvang het om 'n emeritus se diens te benut.

Sou dit nie moontlik wees dat gemeentes wat van emeriti se dienste gebruik wil maak dit kan adverteer net soos vir 'n voltydse of deeltydse predikant geadverteer word nie? Sou 'n lys van beskikbare emeriti nie dalk ook bruikbaar wees vir gemeentes nie?"

Prof Bieks Beukes

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

OORNAGVERBLYF IN BLOEMFONTEIN
bed-en-beskuit@bloem
Gerieflike en private selfsorg oornagfasiliteite vir individue of 'n gesin
Stil woonbuurt naby alles
Skakel 083 400 0267

AGTERBLAD

Lees in *Konteks* van April 2011

- Opwekking van Christus die hart van ons geloof
- Op die spoor van die NHSV-borsspeld van 1950

- **Pragbylaag *Konteks* 21 jaar**

Lees meer by **www.konteks.co.za**

Lees in *Die Hervormer* van April 2011

- Is dit die einde van die wêreld?
- Besluit oor die beswaarskrif
- 'n Skrywe aan die Staatspresident

Lees meer by **www.hervormer.co.za**



Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 247 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx